WILLEM POSTMA PRIMêRE SKOOL
BELEID T.O.V. DIENSGROEPLEIERS

SAMESTELLING:

- Die skoolhoof tree as organiseerder en sameroeper van alle groepe en komitees op en die adjunkhoof koördineer die verkiesing.
- Die totale Graad 6 leerdergetal dien die komende jaar as diensgroepleiers met net 'n hoofseun en hoofdogter en 'n onderhoofseun en -dogter wat deur die leerders en personeel gekies word.
- Indien 'n leerder nie as diensgroepleier wil optree nie, sal hy/sy as sodanig geakkommodeer word.
- Die jaar se skoolweke word in vier gelyke dele opgedeel.
- Gedurende die eerste weke tree die graad 7A – klas as diensgroepleiers op en so volg die B, C en D-klasse vir die res van die weke.
- Elke klas word in die verskillende take by die skool opgedeel vir die periode aan hulle toegedeel.
- Die diensgroepkomitee bestaan uit die volgende lede:
    1. Skoolhoof
    2. Adjunkhoof
    3. Graad 7 graadhoof
    4. Graad 7 registeronderwysers, wat 1 man en 1 dame as voogde verkies.
    5. Nog 2 persone kan gekies word, wat deur die skoolhoof en adjunkhoof gekoöpteer kan word.

VERKIESING:

- Alle Graad 6-leerders se name verskyn op die nominasielys.
- Slegs huidige Graad 6-leerders, asook personeel wat die Graad 6'e ken en die vrymoedigheid daartoe het, kry geleentheid om 10 name per geslag te merk vir oorweging van die hoofseun en hoofdogter en onderhoofseun en -dogter.
- 'n Stembrief waarop daar nie vir 10 seuns en 10 dogters gestem is nie, tel as 'n bedorwe stem.
- Geen bespreking word oor die leerders deur/met leerders of personeel gevoer nie.
- Na bostaande stemming word die volgende gewigte gebruik om die top 10 seuns en 10 dogters te bepaal:

1. Personeeltotale x 4
2. Graad 6-personeeltotale x 8
3. Buitelugpersoneel-totale x 8
4. Graad 6-leerdertotale x 1

- 'n Groottotaal word met bogenoemde subtotale bereken en daarna word die 20 Graad 6-leerders se name alfabeties gerangskik volgens hierdie totale.

FINALE KEURING:

- Die leerder per geslag met die hoogste stemtotaal word as hoofseun en –dogter aangewys.
  Die leerder per geslag met die 2de hoogste stemtotaal word as onderhoofseun en –dogter aangewys.
- Indien daar 'n gelykop uitslag is, sal die skoolhoof se stem bepalend wees.
- Die skoolhoof het 'n beslissende stem indien daar ernstige probleme t.o.v. 'n betrokke leerder se gedrag en skolastiese prestasie bestaan en wat tot diskwalifikasie kan lei.
- Die vier hoofleiers word tydens 'n spesiale saalbyeenkoms aangekondig en ook tydens die SP-Prysuitdeling.
- Hierdie vier hoofleiers sal as kommunikasieskakel tussen die skoolhoof en die leerders dien.
- Die adjunkhoof sal alle stukke rakende die verkiesing van die hoofseun en -dogter vir 'n jaar bewaar.

REËLS RAKENDE DIENSGROEPLEIERS:

- Indien 'n diensgroepleier moet detensie sit, word hy/sy deur die Gesindheidskomitee gespreek en gewaarsku. 'n Tweede detensie kan lei tot die ontslag van die diensgroepleier.
- Indien 'n diensgroepleier detensie gesit het, kan hy/sy ook van Graad 7-voorregte ontneem word (volgens meriete).
- In die geval van laksheid en/of wangedrag, word die diensgroepleier deur die leiervoogde tereggewys en gewaarsku.
  Indien daar nie 'n verbetering is nie, moet die diensgroepleier voor die leiervoogde en die Bestuurspan verskyn. Dit kan lei tot die opheffing van die diensgroepleierskap.
- Wangedrag deur 'n diensgroepleier buite die skoolterrein en –aktiwiteite word deur die leiervoogde en die Bestuurspan hanteer.

OPLEIDING VAN DIENSGROEPLEIERS:

- Aan die einde van die betrokke graad 6-jaar, gaan die klas wat die komende jaar eerste aan die beurt is om as diengroepleiers op te tree, vir 'n naweek opleidingskamp.
- Die volgende personeel sal hierdie opleidingskamp bywoon:
  - Die skoolhoof
  - Die betrokke registeronderwyser
  - Diensgroepleiervoogde

- Aan die einde van die eerste diensgroepsessie, sal die tweede groep vir 'n naweekkamp opgelei word en so ook die derde en vierde groep.

ALLE INLIGTING RAKENDE LEERDERS OF GETALLE IS VERTROULIK EN MOET SO HANTEER WORD.